SKRYWE NAMENS DIE SINODALE DIENSRAAD AAN LERAARS EN KERKRADE

20 Augustus 2020

Vriende

Ons groet vanuit die Oostelike Sinode met die bede dat u veilig en gesond is.

Die Sinodale Diensraad het deur gesprekke met gemeentes en leraars bewus geraak van 'n onrustigheid en ontevredenheid oor 'n skrywe vanaf die kantoor van die Algemene Sinode wat handel oor leraars se geleentheid om aansoek te doen om selfdegeslag-burgerlike verbintenisse te bevestig.

Die Sinodale Diensraad wil graag die volgende agtergrond-inligting gee:

HUWELIKE

1. Die NG Kerk het jare gelede aansoek gedoen by die staat (Binnelandse Sake) dat leraars van die NG Kerk huwelike kan bevestig. Die staat het toe hierdie akkreditasie aan die NG Kerk verleen.
2. Die administrasie hiervan is deur die Algemene Sinode afgewentel na Sinodes.
3. In die praktyk beteken dit dat 'n leraar wat bevestig word aan die Sinode kennis gee dat hy/sy 'n huweliksbevestiger wil word. Die Sinode gee hierdie versoek deur aan Binnelandse Sake wat dan die reëlings tref dat 'n toets deur die leraar afgelê word. Indien die leraar die toets slaag, reik Binnelandse Sake 'n dokument uit waarin verklaar word dat die leraar aangestel is as huweliksbevestiger.
4. In hierdie proses is die leraar se vryheid van keuse deurentyd van belang. Leraars besluit self oor hierdie diens aan die staat. Daar is leraars wat verkies om nie huweliksbevestigers te wees nie. Hulle doen dan nie daarvoor aansoek nie. Hierdie saak maak nie deel uit van 'n leraar se diensooreenkoms met 'n werkgewer nie. Terselfdertyd is dit belangrik dat die kerkraad en leraar mekaar hieroor sal ken.
5. Die Algemene Sinode 2019 het die volgende besluit geneem oor die Christelike huwelik: *"Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word." "Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie."*

SELFDEGESLAG-BURGERLIKE VERBINTENISSE

6. Na die Algemene Sinode se besluit in 2019 oor Selfdegeslagverhoudinge was dit noodwendig so dat die NG Kerk by die staat moes aansoek doen om akkreditasie vir die bevestiging van selfdegeslag-burgerlike verbintenisse (nie huwelike nie) deur leraars wat dit sou wou doen. Hierdie aansoek is deur die Algemene Sinode se kantoor hanteer.
7. Die staat het nou reageer en die akkreditasie is aan die NG Kerk verleen.
8. In ooreenstemming met die besluit van die Algemene Sinode 2019 kan leraars wat selfdegeslag verbintenisse wil bevestig, nou hulle aansoek indien. Die administrasie hiervan word deur die Algemene Sinode hanteer. Die proses gaan ook 'n toets insluit.
9. In hierdie proses is die leraar se vryheid van keuse deurentyd van belang. Daar is leraars wat nie selfdegeslag-burgerlike verbintenisse wil bevestig nie. Hulle doen dan nie daarvoor aansoek nie. Hierdie saak maak nie deel uit van 'n leraar se diensooreenkoms met 'n werkgewer nie. Terselfdertyd verwys die 2019 besluit van die Algemene Sinode na "deurdagte en verantwoordelike besluite" wat deur die kerkraad – en die leraar is tog deel hiervan – geneem behoort te word. Dit is wys dat die kerkraad en leraar mekaar ook oor die bevoegdheid al dan nie, om selfdegslagverbintenisse te bevestig, sal ken.

OOSTELIKE SINODE

10. Ons leraars en kerkrade is bewus daarvan dat daar versoeke van twee ringe was vir 'n Buitengewone sinodesitting om die besluite van die 2019 Algemene Sinode oor Selfdegeslag-verbintenisse te bespreek. Die sitting was vir 2 April 2020 belê maar is deur die Covid19-pandemie gekelder. Intussen kan ons gewone sinodesitting ook nie in Oktober plaasvind nie. Ons het twee tentatiewe datums uitgesit vir ons sinodesitting (29 November – 2 Desember of anders dan 7 Februarie tot 10 Februarie 2021). Ons hou die situasie dop om te verseker dat afgevaardigdes veilig sal wees.
11. By hierdie Sinodesitting word die gesprek oor die 2019 Algemene Sinode-besluite dan volledig gevoer. In hierdie verband is ook 'n Beskrywingspunt van 'n gemeente ontvang. Die huidige standpunt van Oostelike Sinode- soos geformuleer op ons 2016-sitting - kom ook ter sprake in die hantering van die beskrywingspunt.
12. Die Sinodale Diensraad het groot begrip vir die onsekerheid oor probleemsake wat nie hanteer kan word nie. Ons is steeds beskikbaar vir gesprek soos moontlik.

WAARDERING VIR ONS GEMEENTES

13. Die Sinodale Diensraad wil ook hierdie geleentheid gebruik om ons leraars en gemeentes te eer vir die ongelooflike dienswerk wat in hierdie ramptyd gelewer word. Ons verstaan nog steeds wat dit beteken om kerk van Jesus Christus te wees selfs as alles rondom ons deurmekaar is. Aan God die eer!

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
NG Kerk Oostelike Sinode